

April/Mei 1988

Nommer 14
R2,50 PLUS AVB


DIE SUID-AFRIKAAN

WILMA STOCKENSTRÖM

bladsy 42



ISSN 1011-7547



9 771011 754008



12 Wat gaan aan agter die ysterhekke by Turfloop?

22 Pietermaritzburg: bloedige konflik tussen Inkatha en die UDF

Nuwe benaderings nodig vir Westerse inisiatiewe


Klaus Baron Von der Ropp

Klaus Baron Von der Ropp is 'n Duitser met 'n lang en veelbewoë betrokkenheid by Suider-Afrika. In 1975 het dit amper sy lewe gekos. Hy het in die woestyn in Namibië verdwaal en was op die randjie van die dood toe hy ná 92 uur opgespoor is. Hy is tans die hoof van die skakelkantoor in Bonn van die Stiftung Wissenschaft und Politik in Ebenhausen. Hierdie navorsingsinstituut en "think-tank" word deur die Wes-Duitse regering geborg en staan in diens van die Wes-Duitse parlement en die federale ministerie.

MET die swart opstand van 1985-6 efens aan die bedaar, kry die Weste kans om sy beleid teenoor Suid-Afrika rustig te oorweeg. Die onrus was vir regerings in die Weste 'n groot skok. Selfs die konserwatiewes in Europa het begin glo dat nuwe inisiatiewe nodig is om die krisis in Suid-Afrika aan te spreek. In hoofstede het die idee posgevat dat die Botha-regering nie op sy eie tot 'n vergelyk met swart Suid-Afrika kan kom nie. Ook het politici begin glo dat die Europese Gemeenskap desnoods homself as bemiddelaar moes aanbied om die strydende partye bymekaar te kry ten einde 'n totale ramp af te weer.

Die sprekende voorbeeld in dié verband is natuurlik die Camp David-konferensie van 1978 waar President Jimmy Carter as bemiddelaar opgetree het in onderhandelings tussen Israeli- en sekere Arabiese leiers. Op die ou end het dit gelei tot vrede en ontspanne verhoudings tussen Israel en Egipte wat nou al 10 jaar duur.

IN 1986, toe die onrus in Suid-Afrika op 'n ergste was, het die gedagte van 'n Suid-Afrikaanse Camp David vir Euro-peërs amper onweerstaanbaar geword. So 'n voorstel is inderdaad gedoen deur die Europese Politieke Koöperasie, die liggaam wat die buitelandse beleid van die 12 lede van die Europese Gemeenskaps-mark koördineer. Die gedagte was om verteenwoordigers van die Botha-bewind en al die vernaamste opposisie-groepe byeen te bring om, met die bemiddeling van òf die Gemeenskapsmark òf alle Westerse lande, die strukture van 'n nuwe



RASHID LOMBAARD



Hans Dieter Genscher. . . min hoop vir 'n Genscher-Boesak-inisiatief.



Chester Crocker . . . vrees vir 'n Pax Americana.



Helmut Schmidt . . . diep geskok oor gevaarlike naïwiteit.

Suid-Afrika te bespreek.

Hierdie gedagte het tot dusver nie van die grond af gekom nie. Mislukking was ook die voorland van 'n Statebond-sending, die sogenaamde Eminent Persons Group, wat Suid-Afrika in 1986 besoek het. Tog bly Europese bewindhebbers gefassineer deur die idee van 'n hoë vlak-konferensie onder Europese bemiddeling wat op die een of ander manier die skaakmatsituasie in Suid-Afrika kan beëindig.

In 1987 was daar binne die Europese Gemeenskapsmark sprake van 'n splinter-nuwe inisiatief. Hierdie keer wou Hans Dieter Genscher, die Wes-Duitse Minister van Buitelandse Sake, en Allan Boesak, predikant, moderator en UDF-beskermheer, die leiding neem. Genscher se idee was dat alle belangrike Suid-Afrikaanse *opposisie-groepe* onder die beskerming van die Europese Gemeenskap vroeg in 1988 in Wes-Duitsland sou byeenkom sodat hulle hul onderlinge verskille kon bespreek en bylê. Ook hierdie projek het misluk omdat die UDF nie bereid was om die deelname van Inkatha te aanvaar nie.

As iemand wat die Dakar-beraad in die middel van 1987 bygewoon het, was dit vir my geen verrassing nie. Die ANC, en die elemente van die UDF wat hom steun, sien die stryd in Suid-Afrika as een wat onafwendbaar sal eindig by 'n tweekantige konferensietafel met aan die een kant die "rassiste" (Pretoria) en aan die ander kant "demokratiese massas" (verteenwoordig slegs deur die ANC) enkel om samesprekings oor die oordrag van die mag te voer. Die ANC sal slegs "politieke pluralisme" tolereer binne die raamwerk van 'n "liberatory intolerance" en daar is sterk aanduidings dat die ANC geen ruimte wil laat vir Inkatha met sy "tribalism" nie. Solank dit die geval is, is daar min hoop dat 'n Genscher-Boesak-inisiatief vir 'n verenigde opposisie kan slaag.

Gegee al hierdie mislukkings, het die tyd beslis aangebreek vir die Weste om te besin oor al sy welwillende pogings om as bemiddelaar op te tree tussen die stry-

dende magte en faksies in Suid- en Suider-Afrika. Dit is nodig dat die Weste homself die volgende afvra:

- Is daar enige getuieis uit al die Westerse diplomatieke inisiatiewe van die laaste 10 jaar dat die partye in Suid-Afrika opreg in 'n bemiddelingspoging belang stel, of wil elkeen maar net sulke pogings vir hul eie seksionele doeleindes aanwend?

- Is daar enige kans dat die Suid-Afrikaanse regering (en natuurlik sy ver-naamste opponente) die Weste as 'n "honest broker" sal beskou?

- Spreek die rekord van die Weste oor die afgelope 10 jaar van 'n werklik *onpartydige* betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse konflik?

Ek wil graag stilstaan by dié vrae. Dit kan ten beste gedoen word deur die spoor te volg van al die diplomatieke inisiatiewe van die laaste 10 jaar en vas te stel waarom hulle misluk het. Dit kan nogal verhelderend wees vir diegene wat tans 'n nuwe Westerse inisiatief bepleit.

Die hele sage het begin in 1977 met die Namibië-inisiatief van 'n Kontakgroep van die Westerse Vyf bestaande uit die Verenigde State, Brittanje, Duitsland, Kanada en Frankryk. Alhoewel dit jare lank voortgesleep het, was mislukking gou 'n voldonge feit vir ingeligte waarnemers. Dit is natuurlik 'n goeie vraag of Pretoria ooit werklik bereid was om vrye verkiesings onder VV-resolusie 435 toe te staan en die risiko te loop van 'n beslissende Swapo-oorwinning. Maar as 'n mens nie eensydig wil wees nie, moet jy toegee dat die mislukking van die Kontakgroep hoofsaaklik toegeskryf moet word aan die Kontakgroep se onkunde oor die mentaliteit van die wit Afrikane.

Veral die Wes-Duiters en die Amerikaners het in die tydperk 1977-78 Pretoria heeltemal onderskat. Hulle het gedog dat Pretoria op sy knieë was ná die Soweto-onluste van 1976-77. En hulle het geen werklike besef gehad van die politieke uithouvermoë van die Afrikaners nie — iets wat hom al oor en oor in die verlede laat geld het.

In die waan dat Pretoria kinderspeletjies was, het die Kontakgroep toe al sy energie aangewend om die vertroue van Swapo te wen en dié beweging te oorreed om saam te werk. Die Kontakgroep het hierin geslaag, maar in die proses Pretoria heeltemal vervreem. Inderdaad was daar 'n hele aantal aanduidinge wat Pretoria se vermoede gesterk het dat die Kontakgroep alles behalwe 'n onpartydige bemiddelaar was, maar 'n voorkeur vir Swapo gehad het.

Onder die aanduidinge was daar die volgende:

- Die Kontakgroep het aanvanklik feitlik geen kennis geneem van die interne partye nie.

- In Julie 1978 het die Westerse Vyf se verteenwoordigers 'n Veiligheidsraad-resolusie ter steun van die "integrasie" van Walvisbaai in Namibië onderskryf — ten spyte daarvan dat dit in terme van die Westerse volkereg nooit deel van Namibië was nie.

- Die VVO-verteenwoordiger, Martti Ahtisaari, het Swapo se eis vir militêre basisse gedurende die oorgangstydperk in aanmerking geneem ten spyte daarvan dat resolusie 435 nie daarvoor voorsiening maak nie.

- Die Carter-administrasie en ook Hans-Dietrich Genscher het in die VVO geen geheim daarvan gemaak nie dat die Weste se oplossing vir Namibië (een man, een stem in 'n unitêre staat) ook hul model vir Suid-Afrika was.

DIÉ Weste het in hierdie tyd kort-kort met sanksies gedreig. Maar op die ou end was dit maar net 'n holle dreigement. Van die vyf Westerse onderhandelars wat in Oktober 1978 in Pretoria opgedaag het, was net Genscher bereid om daad by die woord te voeg. Die Brit David Owen en die Amerikaner Cyrus Vance was gekant teen sanksies.

Goed beskou, was die Kontakgroep 'n dubbele mislukking. Pretoria is totaal vervreem en sowel Swapo as die ANC het die Weste as papiertiere beskou wanneer dit by die aandurf van Pretoria kom. In-

derdaad glo albei hierdie bewegings tot vandag dat die Weste per slot van sake kop in een mus met Pretoria is.

Dit is natuurlik nie heeltemal waar nie. Westerse regerings het hulle verbind om apartheid te help beëindig, maar weinig van die politici het veel aandag geskenk aan hoe dit gedoen moes word en wat in die plek van apartheid moes kom. Westerse maghebbers het hulle verbind om apartheid te beëindig, maar verder as dit het hulle nie gedink nie.

Dit het 'n politikus met die intelligensie en aansien van 'n Helmut Schmidt geneem om die klaarblyklike vraag oor die Weste se Suid-Afrika-beleid te stel. Dit word op goeie gesag vertel dat die Amerikaanse Vise-President, Walter Mondale, in 1977, net ná sy ontmoeting met John Vorster, in Bonn aangedoen het. Mondale het teenoor Kanselier Schmidt gespog dat Amerika op Vorster sal leun "totdat apartheid in duie stort". Schmidt het toe gevra: "En wat sal jy in die plek daarvan sit as dit gebeur?" "Ag," het Mondale geantwoord, "ons sal ons daarvoor bekommer as die euwel eers uit die weg is." Volgens berigte was Schmidt diep geskok oor hierdie gevaarlike naïviteit.

Toe dr Chester Crocker in 1981 op die toneel verskyn, was daar vir die eerste keer 'n senior beleidmaker wat 'n deeglike studie gemaak het van Suid-Afrika en 'n goeie besef ontwikkel het van hoe moeilik dit is om die bestel in Suid-Afrika te verander, sonder die gevaar van grootskeepse wanorde.

Die hoogtepunt van die Crocker-inisiatief was die Nkomati-verdrag van 1984 en die gelyktydige terugtrekking van Suid-Afrikaanse troepe uit Angola. Maar Pretoria het gou koue voete gekry. Daar was mense in die Botha-bewind wat gevrees het dat Crocker 'n *Pax Americana* in Suider-Afrika wou daarstel wat vir Pretoria 'n groot verlies van mag en vertroue in regionale verband sou beteken. P W Botha wou die argitek wees van 'n *Pax Pretoriana* wat Crocker se *Pax Americana* uit die pad sou veeg. Die mate waarin *Pax Pretoriana* van *Pax Americana* verskil, het geblyk uit die volgende:

- Pretoria se voortgesette steun aan Renamo in 1985 en die eerste helfte van 1986.
- Suid-Afrika se hernieude invalle in Angola.
- Die aanstelling van 'n onverteende woordigende Oorgangsregering in Windhoek.
- Suid-Afrika se rol in die omverwerping van die Jonathan-bewind in Lesotho.
- Die S A Weermag-aanvalle op ANC-kantore in Gaborone, Lusaka en Harare.
- Die hardhandige en somtyds brutale optrede van die sekuriteitsmagte in die swart dorpe en stede.
- Die koel ontvangs van die Indaba-voorstelle.

TREEN die middel van 1986 was Crocker se rol feitlik uitgespeel. Nóg Pretoria nóg die Amerikaanse Kongres was bereid

om langer sy stille diplomatie 'n kans te gee. Crocker se ondergang was sy onderskatting van die revolusionêre potensiaal van swart Suid-Afrika en Pretoria se koppigheid.

Met Crocker uitgeskakel het die toneel verskuif na die sending van die Statebond se Eminent Persons Group (EPG). Die EPG was net so naïef as sekere vorige Westerse inisiatiewe. Die feit is dat die EPG een doel voor oë gehad het: om die blankes te oordeel om die mag oor te dra aan die swartes, of, om presies te wees, die ANC/UDF. Vir die meeste EPG-lede was Zimbabwe die ideale model.

Die EPG het bra min aandag geskenk aan die beskerming van minderhede in 'n nuwe Suid-Afrika. Daar is egter 'n veelseggende passasie in sy verslag wat lui: "While future constitutional arrangements are not a matter for us, we wholly accept that these should provide adequate and appropriate safeguards and guarantees for minorities. But, of course, a general and permanent 'group veto' would be totally unacceptable to the black people."

Die EPG het klaarblyklik een ding nie begryp nie. Die politieke orde in Suid-Afrika mag moreel verwerplik wees, maar dit is 'n orde wat op magspolities gebou is. Morele veroordeling maak nie 'n duik op die magsverhoudinge nie. Ekonomies en militêr het blanke Suid-Afrika die mag en vermoë om chaos in die land en sy buurlande te skep. Blanke Suid-Afrika sal hierdie mag gebruik tot by die punt dat almal hom verafsku eerder as om 'n politieke impotente minderheid te word. Dit is presies die posisie van die blanke Zimbabweërs. Meer as die helfte van die blankes wat voor onafhanklikheid in Zimbabwe gewoon het, het die land sedert die begin van 1980 verlaat. Die feit dat omtrent twee persent van hulle intussen terugkeer het na Zimbabwe, is ietwat irrelevant.

WESTERSE beleidmakers wat 'n bydrae in Suid-Afrika wil maak, moet die harde feit onder oë neem dat al hul pogings vrugtelos sal wees sonder die begrip dat die blankes nie vrywillig die mag aan die swart meerderheid sal oorgee nie. Daar is vandag twee demokratiese politieke kulture in Suid-Afrika — 'n blanke een (vir blankes alleen!) wat baie elemente van 'n Westerse demokrasie vertoon, en 'n oorheersend swart een, wat baie nader is aan die Zimbabwe-eenpartystelsel as aan die Weste. Hierdie twee kulture is nie versoenbaar met mekaar nie.

Sekere Westerse beleidmakers glo nog dat druk uitgeoefen moet word sodat apartheid vervang kan word. Die gedagte is nog steeds dat die Westerse en Afrika-stelsels met mekaar versoen kan word. So het Genscher in 1986 opgemerk: "... what is needed is the immediate dismantling of apartheid and the establishment of equal civil rights for South Africans, including the 'one-man, one-vote' principle. And all those who in the past have proved incorrigible and have remained obstruc-

tive to this day are shouldering a heavy responsibility for the worrisome developments in the Republic of South Africa."

Geen ingeligte waarnemer sal die deel van Pretoria onderskat nie, maar enige persoon of party wat as bemiddelaar wil optree, durf ook nie versuim om op te merk dat nie een van die swart partye, met die uitsondering van Inkatha, in hierdie stadium kompromieë kan of wil maak nie. Geen wonder nie dat bilaterale verhoudings tussen Bonn en Pretoria gespanne gebly het, ten spyte van die verandering van Wes-Duitse regering in Oktober 1982 nie.

Interessant genoeg is daar egter onder Duitse politici geluide wat Pretoria miskien wel mag interesseer as dit ooit na 'n onpartydige bemiddelaar soek. Egon Bahr van die SPD het Helmut Schmidt se vraag oor die alternatief vir apartheid aangespreek toe hy die een man een stem-oplossing verwerp het. In plaas daarvan het hy vir Suid-Afrika voorgestel: "'n Tot hiertoe onbekende model van saambestaan met gelyke regte en spesiale beskerming van minderhede." Volkman Köhler van die CDU het opgemerk: "Diegene wat vryheid en selfbeskikking vir swartes verlang, sal goed doen om blanke mag in aanmerking te neem en ook bereid te wees om aan blanke Suid-Afrikaners die een ding toe te gee wat hulle nie besit nie: sekuriteit vir hul kinders en kleinkinders. Vryheid vir swart Suid-Afrika voorveronderstel die vind van 'n meganisme om die bestaansreg van 'n blanke Suid-Afrikaanse nasie, en ook van Kleurlinge en Indiërs, te verseker. Diegene wat dit nie toegee nie bied aan Suid-Afrika niks anders nie as 'n afgrond van geweld."

MISKIEN die treffendste uitspraak is Mdié van Otto Graf Lambsdorff (FDP): "Dit is vanselfsprekend dat blanke sekuriteit die sleutel is vir swart vryheid."

Die soeke na 'n oplossing vir Suid-Afrika, ook in die Weste, duur voort. Vir my is die enigste realistiese oplossing die skepping van 'n toevlugsoord (genoem Suid-Afrika) in die vorm van 'n onafhanklike staat in westelike Suid-Afrika vir daardie wit (en bruin) Suid-Afrikaners wat nie 'n toekoms vir hulself sien onder 'n swart meerderheidsregering nie. Die oorblywende deel van die land (waarskynlik dan al genoem Azanië) sal regeer word deur die meerderheid van sy inwoners, naamlik swartes. Met die aanvaarding, in beginsel, van 'n toevlugsoord kan die Weste blanke Suid-Afrikaners help om nutter alternatiewe tot apartheid te oorweeg.

Ook die ANC het 'n verpligting in dié verband. Dit was in die agterkop van Van Zyl Slabbert toe hy in Dakar dit sterk gestel het dat indien die ANC die stryd teen apartheid wil wen, blanke Suid-Afrikaners oorreed moet word dat daar "lewe is anderkant apartheid". So 'n strategie het veel groter kans op sukses as die pogings van Westerse groepe om met druk, dreigemente en onbekookte planne Pretoria te dwing om te verander. ■